



SABoerperd

TELESGENOOTSAP | BREEDERS' SOCIETY

Tel: 051- 4100952 • 118 Henry Street • P.O. Box 1060 • Bloemfontein • 9301
saboerperd@studbook.co.za
www.saboerperd.com

KENNISGEWINGVAN RAADSBSLUIE

INHOUD

1. ADMINISTRASIE
1. FINANSIES & BERGE
2. KEURING
2. SKOUREËLS & REGULASIES
3. OPLEIDING & KURSUSSE
3. BEMARKING
4. KLUBS
4. KAMPIOENSKAPPE
5. SA STAMBOEK
10. ANDER

1. ADMINISTRASIE | ADMINISTRATION

2. FINANSIES & BORGSKAPPE | FINANCES & SPONSORSHIPS

26-11-2019

Lede met agterstallige rekeninge wat aansoek gedoen het vir keuring, sal nie keuring ontvang voor hulle rekeninge vereffen is nie, of hulle reëlings nagekom is nie.

13-03-2020

Prima rente word vanaf 90 dae gehef op die uitstaande bedrag van 90 dae en langer, om in werking te tree vanaf 1 April 2020. Kennisgewing daarvan word op die state aangebring.

25/11/2020

Rieskoste word verhaal teen R4.00 / km

09/04/2021

Die Raas aanvaar Mnr. Joubert se verduideliking van die state.

3. KEURING | INSPECTION

26-11-2019

- Perde mag 5 (vyf) keer voor keuring gebring word.
- Na die 2de keuring, verdubbel die kostes met elke herkeuring.
- Perde wat voor keuring gebring is, sal met die eienaars bespreek word, en dienooreenkomstige aanbevelings gemaak word.
- Puntekaarte sal op LOGIX gelaai word om rekord te hou van aantal keurings, sowel as bevindings.
- Perde wat oorstaan mag nie skou nie.
- Om te kan slaag moet perde in elke afdeling slaag, soos gemerk deur keurders.
- Die nuwe meer omvattende puntekaart word geïmplementeer.

Keurders (26-11-2019)(Dokument B2: KEURINGSHANDLEIDING, Item 7)

Om as keurder aangestel te kan word,

- i) moet 'n persoon 'n lid van die genootskap wees;

- ii) moet 'n persoon, as lid van die genootskap, minstens 1 keer in 2 jaar, onder sy/haar stoet se naam, vullens laat aangeteken en/of laat keur;
- iii) moes die gekwalifiseerde keurder al die opknappingskursusse gereeld bygewoon het. Dit beteken dat hy/sy nie vir 2 agtereenvolgende jare afwesig moes wees nie.
- iv) Alle rekening by SA Stamboek, sowel as die SA Boerperd Telersgenootskap moet op datum wees.

20/11/2020: SENTRALE HINGSKEURING

- Daar sal in 2022 'n sentrale hingskeuring wees.
- Versoeke van perde wat buite die geskeduleerde keuringstoere en vir buitengewone omstandighede aangevra word, sal slegs met skriftelike versoeke aan die Raad bespreek en oorweeg word.

09/04/2021 & 17/09/2022

- Daar sal in 2022 'n sentrale hingskeuring wees. Lede word daarvan in kennis gestel.
 - Al die keurders op die rol moet daar teenwoordig wees om te punt.
 - Die keurdersvergadering sal die dag na die hingskeuring plaasvind.

14/02/2022

- Die datum van die hingskeuring 2022 is 9 April 2022.
- Al die keurders vorm deel van die keruingsproses.

MERRIE/REUN KEURING 14/02/2022

- Merries/reuns word, waar moontlik, ook op verskeie sentrale punte, soos deur die klub/ raad bepaal, gekeur. Op die punt sal ie minder as 2 merries wees nie

09/04/2021

Geen perde wat as reuns gekeur is, mag voor kastrasie gebrand word nie.

DOKUMENT B2: KEURDERSHANDLEIDING

(26-11-2019)

Die reëls word sodanig verfyn om grys areas uit te skakel. Die inligting word aan lede deurgegee, asook in die tersaaklike dokumente aangebring (Verw. Dokument B2: Keuringshandleiding, 2020).

Perde wat nie voldoen aan minimum hoogte nie (14.2hh vir hingste en 13.3hh vir merries), mag vir 2020 gepunt word, en wanneer diesulke perde voldoen aan die minimum hoogte, kan hulle op 'n later stadium gebrand word, maar slegs indien hulle wel die res van die keuring geslaag het.

Hierdie toegewing word slegs vir 2020 se keurings gemaak.

Vanaf 2021, word die reël soos geskryf, toegepas.

17/09/2021, 14/01/2022

Alle vullens wat vanaf 2021 aankom is verplig om mikroskyfies as identifikasie te gebruik.

Indien dit nie in plek is nie, kan die vullens nie aangeteken word nie, en die aantekening word as onvolledig beskou.

Alle ander reëls moet ook nagekom word.

4. SKOUREËLS & REGULASIES | SHOW RULES & REGULATIONS

(26-11-2019)

Verw. Dokument: 2020 Kennisgewing van wysiging in Skoureëls

ALLE dokumente word hersien, opgegradeer en taalkundig versorg.

13-03-2020

Tuigklasse: Dokument C12

- Hulp-koetsiers (Assisted driving) vir enkeltuigklasse: 12jr tot 0/19jr word nie toegelaat nie. (Verw. RV 14 Sept 2018, Item 5.4). Dokument word tans hersien & vertaal.
- Dubbeltuig-klasse word vir nie-kompeterende doeleindes, om vertonings te kan lewer, ingesluit.

Dokument C4: Meesterklaslys 2020 (besikbaar op aanvraag)

- Nuwe nommers tree in werking
- Veelsydige Ryperd: 1ste x 3 plasings kwalifiseer vir kampioenskappe.

- Kampioene van die Kampioen van Kampioene klas kwalifiseer nie meer vir die Elite-5 kampioenskappe nie.
- Show Hack klasse is verpligtend as kwalifiserende Universele ryperd klas.

Dokument C6: Kleredrag

- Donkerkleurige Kentucky-tipe rybroeke word by die SA Boerperd pak toegelaat, mits dit pas by die res van die uitrusting.

09/04/2021: Dokument B2

- Reëls t.o.v. die keur van perde (passers ingesluit) bly onveranderd.
 - Alle perde moet kan stap, draf en galop.
 - Perde wat nie kan drf nie, word afgekeur,
 - Indien 'n perd pad, word dit op sy keuringspuntekaart aangedui.

09/04/2021: FLUITJIEBLASERS: Mnr. AJ Burger

- Slegs skriftelike inligting van 'n fluitjieblaser sal oorweeg word.
- Die fluitjieblaser se identiteit word ten alle tye beskerm.
- Basterperde, Perde tans in Mnr. Burger se besit en Verkoopte perde word onderskeidelik hanteer.
- 'n Brief word per geregistreerde pos aan Mnr. Burger gestuur.
- Die Raad reik nie 'n amptelike verklaring uit om lede van die gebeure te verwittig nie. Indien lede egter navraag doen, sal die waarheid aan hulle verduidelik word.
- 'n Brief, met die name van die perde wat in gedrag is, word opgetrek en in die kantoor gehou indien daar navraag sou wees.

5. OPLEIDING & KURSUSSE

26-11-2019 – Slaagvereistes

Aspirant beoordelaars moet AL die komponente van Universele, sowel as Tradisionele- afdelings slaag om as leerling beoordelaars te kan voortgaan.

13-03-2020: Hereksamens

Daar word nie spesiale hereksamens aangebied nie. Die kandidate kan hulle hereksamens saam met die kandidate wat die kursuseksamens van kursusse wat in 2020 aangebied sal word, skryf.

13-03-2020: Handleidings

Daar sal vir elke klas 'n klasbeskrywing opgestel, en by die skoureëls ingeskyf word.

Dokument B1: Rasstandaard & Bouvorm sal deurgewerk en uitgebrei word soos nodig.

25/11/2020: Hereksamens

Persone wat 5% kort om hulle beoordelaarseksamens te slaag, kan aansoek doen om 'n mondelinge eksamen.

6. BEMARKING | MARKETING

26-11-2019

- Eerol is beskikbaar op die webblad.
- 'n Nuwe klerereeks word ondersoek.

13-03-2020: ALFA Expo

ALFA week is in 2020 na Nampopark geskuif. Die SA Boerperde sal nie daar uitstal nie, a.g.v. finansiële redes.

13-03-2020, 14/1/2022 Gratis Advertensie

Die SA Boerperd blad (Equine SA) is die amptelike advertensieblad vir SA Boerperd wat te koop is. Dit is gratis, slegs vir SA Boerperde, geskep. Lede word aangemoedig om dit te gebruik.

14/01/2022 COMMUNICATOR

Die Communicator word nie meer as kommunikasiemiddel gebruik nie.

7. SA BOERPERD KLUBS

26-11-2019: Finansies

Klubs ontvang 'n skrywe om hulle te nooi om hulle fondse deur die Genootskap se rekening as onderskeie klub-fondse te laat bestuur.

25/11/2020

Die jeugraad word ontbind.

8. SA BOERPERD KAMPIOENSKAPPE | CHAMPIONSHIPS

13-03-2020

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2020

Die program word op dieselfde beginsel as 2019 s'n saamgestel.

'n Voorlopige tydskedule word beskikbaar gestel.

'n Aparte en gedetailleerde tydskedule word vir die dresseer opgestel

13-03-2020

STREEKKAMPIOENSKAPPE

Daar word besluit dat lede nie verplig is om te kwalifiseer vir die nasionale kampioenskappe deur aan Streekkampioenskappe deel te neem nie. (RV: 6 Sept. 2019, Item 21.2)(AJV: 7 Sept. 2019, Item 15.1.11).

09/04/2021

Daar sal nie Gauteng Streekkampioenskappe wees nie.

CORONA VIRUS (20-03-2020)

Die huidige stand van sake rakende die CORONAVIRUS is soos volg:

- Mpumalanga Kampioenskappe is UITGESTEL tot verdere kennisgewing.
- Vrystaat Kampioenskappe is GEKANSELLEER.
- KZN Kampioenskappe is AFGESTEL.

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2021 gaan voort. Indien die probleme rondom die CORONA virus nog nie uitgesorteer is wanneer skouinskrywings oopmaak nie, sal dit skoudatum aangepas word.

SKOUKLASSE 14/01/2022

- Die kampioene van die KAMPIOEN VAN KAMPIOENE klasse, sal nie meer kwalifiseer vir die Elite-5 groot kampioene nie.
- DRESSEER: Daar sal slegs Walk & Trot klasse vir ruiters onder 15 aangebied word.

TROFEES

- Koste vir trofees wat nie betyds ingehandig is nie, se kostes sal van die betrokke persoon betaal word.

9. SA STAMBOEK

26-11-2019

CEM Status is onveranderd.

Perde wat KI gebruik, moet by SA Stamboek aangemeld word.

10. ANDER

09/04/2021

Daar is geen voorstelle vir grondwetlike veranderings nie.